# Hoofstuk van die dag: 1 Korintiërs 4

*Daarom spoor ek julle aan: Volg my voorbeeld! (1 Kor 4:16)*

Ek het eenkeer, toe ek iets oor die huwelik geskryf het, my eie geseënde huwelik voorgehou as voorbeeld. Party gemeentelede het my dit ernstig verkwalik en daarvan beskuldig dat ek dink my huwelik is beter as hulle s'n. Uiteindelik was dié artikel die begin van die einde van my bediening in daardie gemeente.

Was ek verwaand om dit te skryf? Wou ek voorgee dat my eie huwelik volmaak is? Glad nie. Ek meen dis net 'n kwaadwillige persoon wat dit só kan interpreteer. Paulus hou immers sy lewe voor as navolgenswaardig (vers 16). Dit beteken nie hy was perfek nie; trouens, op ander plekke erken hy dit self dat hy nog ver tekort skiet (Fil 3:12; Rom 7:21). Soos een kommentaar vertaal: "Take your cue from me."

Paulus vra dat ons leefstyl die sterf-saam-met-Christus karakter sal openbaar, waarna hy in sy eie lewe gestreef het (vers 9-13). Dis nie om te spog dat hy dit skryf nie; dis om die implikasie van die navolg van Christus uit te spel (vgl 1 Kor 11:1).

Die vraag waarmee dié gedeelte ons laat, is dit: "Is my lewe só dat ander my voorbeeld kan volg?"

© Bybelkoerant 2018 – 2026